PCO

Potchefstroomse Christelike Onderwysvereniging

LIDMAATSKAP: VERENIGING vir die jaar _____

1 Persoonlike besonderhede

1.1 Identifiserende besonderhede[1]

Van (familienaam): ..... Voorletters: .....

Noemnaam: ..... Selfoon: .....

1.2 Verdere besonderhede

Woonadres: .....

Posadres: .....

E-posadres: .....

Huistelefoon: ..... Telefoon by werk: .....

Beroep: ..... Werkgewer: .....

1.3 Tweede gesinslid

Indien u die tweede lid in ’n gesin is wat vir lidmaatskap aansoek doen, meld die naam van die eerste gesinslid:[2]

.....

1.4 Kerklidmaatskap

Meld kerkverband (denominasie) en gemeente:

.....

[1] Moet ingevul word, ook by jaarlikse hernuwing. Vul ’n aparte vorm in vir elke lid.

[2] ’n Tweede gesinslid kry afslag.

1.5 Leerders op skool

Indien u tans kinders by Totius-Akademie ingeskryf het, gee asseblief besonderhede[3] (noemnaam, van, Graad):

.....

2 Ledegeld

Die volgende ledegeld word hierby ingesluit:[4]

A	Enkel volwassene (R200 per jaar)	R
B	Tweede volwassene in ’n gesin (R100 per jaar)	R
C	Onderwyser (Gratis)	R
Totaal		**R**

3 Kundigheid en hulp

Ek kan die PCO met die volgende kundigheid of hulp ondersteun[5]:

.....

.....

4 Verklaring

4.1 Ek sluit aan by /hernu my lidmaatskap van die PCO en aanvaar daarmee die Konstitusie van die Vereniging, waaronder die grondslag en doel van die Vereniging.

4.2 Ek is ’n aktiewe belydende lidmaat van 'n kerk wat die Drie Formuliere van Eenheid aanvaar en uitleef, soos hierbo aangedui. Ek verstaan dat, indien ek lidmaatskap opsê van die kerk, sonder om my te voeg by 'n ander kerk wat hierdie belydenisskrifte aanvaar en uitleef, my lidmaatskap aan die PCO in gedrang kan kom. Ek onderneem om die Bestuur in kennis te stel indien daar enige verandering kom in my aanvaarding van die grondslag of my kerklidmaatskap.

Geteken te …….. op die ……. dag van ……. 20...

Handtekening: .....

[3] Dis nie ’n vereiste dat lede ook ouers van leerders op Totius-Akademie moet wees nie.

[4] Ledegeld word *pro rata* bereken indien na 1 April aangesluit word.

[5] Hulp kan strek van administratiewe hulp, tot professionele hulp met betrekking tot onderwys. Die PCO help tans ook vir Totius-Akademie met sy werksaamhede. Daar is skoolwerkgroepe waar lede kan inskakel, bv. Eiendommekomitee, Komitee vir reklame en werwing, Onderrigkomitee, Fondsinsamelingskomitee.

5 Verduidelikende opmerkings[6]

- PCO is ’n vrywillige organisasie sonder winsbejag. Die huidige geldige konstitusie van die vereniging is gedateer 17 November 1998, wat op aanvraag beskikbaar is.
- "Lidmaatskap van die Vereniging staan oop vir enige volwassene wat die grondslag en doel van hierdie Vereniging (uiteengesit in artikels 2 en 3 van hierdie konstitusie, en in besonderhede beskryf in die Credo van hierdie vereniging) onderskryf en die Heilige Skrif as die onfeilbare Woord van God aanvaar, en die drie Formuliere van Eenheid bely en uitleef."[7]
  - "Die **grondslag** van die Vereniging is die Heilige Skrif soos bely in die drie Formuliere van Eenheid, nl. die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls."
  - "Die **doel** van die Vereniging is om ter nakoming van die doopbelofte en in gehoorsaamheid aan die eise van die Woord van God, gereformeerde onderwys te bevorder deur die bekendstelling van die beginsel van gereformeerde onderwys in die algemeen, die bevordering van die gereformeerde onderwys in die bestaande onderwys-/ opvoedkundige inrigtings en die daarstel van gereformeerde opvoedkundige inrigtings (hierna genoem skole) waar daar nie bestaande gereformeerde onderwys is nie."
  - Die **credo** van die skool word uiteengesit in die dokument: "Merktekens van die Christelike skool." Hierdie dokument is op aanvraag beskikbaar.
- Die wyse waarop die grondslag en doel in die vereniging se konstitusie beskryf word (soos hierbo aangehaal) impliseer dat ’n lid genoemde belydenisskrifte uitleef in ’n kerklike gemeenskap wat nie met hierdie belydenisskrifte in stryd is nie.[8]
- Lidmaatskap word verleen wanneer hierdie vorm geteken word en die lidmaatskapsfooi betaal word. Lidmaatskap moet jaarliks hernu word.
- 'n Vorm word ingevul vir elke lid wat aansluit. 'n Tweede lid in 'n gesin kry 50% korting.
- Permanente personeel van die skool moet as lede van die Vereniging aansluit. Geen ledegeld word gehef ten opsigte van permanente personeel nie. Tydelike personeel word sterk aangemoedig om as lede van die Vereniging aan te sluit, mits hulle aan die lidmaatskapsvereistes voldoen.
- Tans behoort Totius-Akademie, 'n (laer-)skool in Potchefstroom aan die PCO. Lede van die skoolvereniging is dus mede-eienaars van die skool en kan op die bestuur dien. Toelating van ’n leerder tot die skool beteken nie dat die ouers outomaties lede van die Vereniging is nie. Ouers wat met vrymoedigheid die grondslag en doel van die Vereniging kan onderskryf, word egter sterk aangemoedig om ook as lede van die Vereniging aan te sluit en so mee te werk aan die bepaling van beleid en die verkiesing van die Beheerliggaam van die skool.
- Dit is belangrik om daarop te let dat die doelstellings van die PCO veel wyer as die oprigting van Totius-Akademie strek. Die vereniging kan hom ook vir die daarstelling van ander skole beywer en vir die bevordering van reformatoriese onderwys in die algemeen.

[6] Die lid kan hierdie bladsy vir latere verwysing hou en hoef net die voorafgaande bladsye in te handig.

[7] Konstitusie van PCO, Artikel 3.1, gevolg deur Art. 2 en 3.

[8] Denominasies wat die Drie Formuliere van Eenheid aanvaar, sluit in: Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Die Vrye Gereformeerde Kerk, die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk, en die Afrikaanse Protestantse Kerk. Kerke wat die *Westminster Confession* as belydenis aanvaar, word hierby ingesluit